

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:
 - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
 - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk
 3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.
 4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.
 5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.
 6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.
 7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
 9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.
 10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.
 11. Skenk aandag aan taalversorging.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA****VRAAG 1 DIE KOGGELAAR (Pieter Fourie)****Instruksies vir mini-essayvraag**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay betogend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

Definisie:

Patriargie is 'n sosiale stelsel waarin mans basiese mag beklee en oorheers in rolle van politieke leierskap, morele gesag, sosiale voorreg en beheer van eiendom. In die gesin se domein hou vaders of vaderfigure gesag oor vroue en kinders. Sommige patriargale samelewings is ook patrilineêr, wat beteken dat eiendom en titel deur die manlike afkoms geërf word.

STELLING:

Pieter Fourie se drama *Die koggelaar* is daarop uit om die **Afrikaner-patriargie te ontmasker**. Die enigste twee vroulike karakters, **Betta en Anna**, is beide **slagoffers van die patriargale hiërargie** wat deur **Ben, Boet en Klein-Ben** uitgebeeld word.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of jy glo dat die drama daarin slaag om **die probleme wat die patriargie skep, suksesvol uit te wys**.

[30]

PROSA**Instruksies vir prosavraag**

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder)
Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die lord* – Johan Kruger)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 *DIE VEREVROU* (Jan van Tonder)

In 'n tragiese situasie in 'n letterkundige werk vind ons dat 'n persoon, wat gewoonlik die tragiese held genoem word, deur 'n **groot ramp** getref word. Gewoonlik word daar verwag dat die held 'n **sekere status** moet hê. Die held is gewoonlik **gewikkel in 'n stryd teen magte wat vir hom (of haar) te sterk is** – die gode, die maatskappy, individuele teenstanders, of die hartstogte in sy/haar eie binneste. Hierdie **konflik is in die meeste gevalle onoplosbaar** en moet dus tot sy/haar **ondergang** lei.

[Verkort en aangepas uit: <<http://www.litterterm.co.za/index.php/t/250-tragedie>>]

Beredeneer of Liora Papalato in *Die verevrou* as 'n tragiese held beskou kan word.

[30]

OF

VRAAG 3 *DIE VEREVROU* (Jan van Tonder)

Kritici van die roman *Die verevrou* glo dat die **slot** van die roman **ongemotiveerd** is.

Evalueer of die slot oortuigend is deur te verwys na **Liora se selfdood**, **Candice se toekoms** en **die reaksie van ander mense** in die gemeenskap.

In jou gevolgtrekking moet jy *of* 'n sterk motivering vir die huidige slot van die roman verwoord *of* 'n alternatiewe slot motiveer.

[30]

OF

VRAAG 4 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

In 'n tragiese situasie in 'n letterkundige werk vind ons dat 'n persoon, wat gewoonlik die tragiese held genoem word, deur 'n **groot ramp** getref word. Gewoonlik word daar verwag dat die held 'n **sekere status** moet hê. Die held is gewoonlik **gewikkel in 'n stryd teen magte wat vir hom te sterk is** – die gode, die maatskappy, individuele teenstanders, of die hartstogte in sy/haar eie binneste. Hierdie **konflik is in die meeste gevalle onoplosbaar** en moet dus tot sy/haar **ondergang** lei.

[Verkort uit: <<http://www.litterm.co.za/index.php/t/250-tragedie>>]

Beredeneer of Andries Fourie in *Die dag van die lord* as 'n tragiese held beskou kan word. **[30]**

OF

VRAAG 5 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

Aan die einde van Johan Kruger se roman *Die dag van die lord* keer Andries Fourie (onder die skuilnaam van Piet Naciud - AF) terug na Suid-Afrika om sy vriendin en mentor Johanna Brandt (gebore Van Warmeloo) op te soek.

Verduidelik waarom dit 'n **sinvolle slot, al dan nie**, vir hierdie roman is, gegewe Andries se **geskiedenis met Tante Johanna** asook die **gevolge van sy wraak op Lord Kitchener**.

In jou gevolgtrekking, motiveer vanuit die romangegewe hoe Johanna Brandt bes moontlik op Andries se brief sou reageer.

[30]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – ONDERHOUD**

Julle skool se jaarblad het besluit om hierdie jaar se uitgawe te wy aan mense en dinge wat ons **inspireer**. Jy het per e-pos 'n onderhoud gevoer met 'n **oudleerder** wat op **meer as een gebied** presteer het.

OPDRAG:

Skryf die onderhoud met die persoon soos wat dit in julle jaarblad sal verskyn.

Belangrik:

- Gee aan jou onderhoud 'n **prikkelende titel EN subopskrif** waarin jy kortliks verduidelik waarom hierdie persoon jou inspireer.
- Haal twee aanhalings uit die onderhoud wat as inspirerende "lokwoorde" gebruik gaan word (sien visuele voorbeeld hieronder). Toon dit duidelik aan as "Lokwoorde: ..." onderaan jou teks. Elkeen van hierdie aanhalings mag nie langer as 20 woorde wees nie.
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Die onderhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan. Dui die woordtal onder jou teks aan.

"Die dinge wat jy nie kan weeg, meet of tel nie, is die belangrikste dinge in die lewe."

[20]

BEANTWOORD VRAAG 7 of VRAAG 8

Die teks getiteld "Behoort boeke ouderdomsbeperkings te hê?" (*Maroela Media*-webwerf) is van toepassing op beide Vraag 7 en Vraag 8.

Behoort boeke ouderdomsbeperkings te hê?

8 Februarie 2021

Maroela-redaksie

Sommige mense vind dit handig dat films gekategoriseer word met ouderdomsaanbevelings, asook advies oor watse inhoud om te verwag (met aanduidings soos VSNL vir *violence*, *sex*, *nudity* en *language*) – dit help ons om ingeligte keuses te maak. Veral ouers sê dat hulle dit waardevol vind om besluite te neem oor watter inhoud vir ons kinders gepas is.



Argieffoto (Foto: Pezibear/Pixabay)

Op Netflix is waarskuwings soos *Smoking of Drug use* ook deesdae by inhoud te siene. Tog word boeke in Suid-Afrika nie só gekategoriseer nie. Jy lees nog so ewe, en voor jy jou oë uitvee, is jy midde-in 'n bloedige misdaadtoneel of 'n stomende oomblik van passie. Dis meestal maar die uitgewer of boekhandelaar wat besluit of 'n boek in die kinder-, jeug- of volwasse afdeling hoort, en of dit as 'n liefdesverhaal, 'n speurverhaal of 'n reisverhaal geklassifiseer behoort te word.

Behoort Suid-Afrikaanse boeke nie soortgelyke inhoudsadvies as films te bevat nie?

Wat is jou mening?

Ons wil weet of Afrikaanse lesers – jonk én oud – meer advies oor die inhoud van fiksieboeke wil hê. Dit is waarom hierdie kort vraelys handel.

Deur onderstaande vrae te beantwoord, aanvaar jy die bepalinge en voorwaardes van hierdie vraelys. In kort kom dit op die volgende neer:

- Jy bly anoniem. (Jy gee nie jou naam of kontakbesonderhede nie.)
- Jy neem vrywillig deel.
- Jy word nie betaal om deel te neem nie.
- Jy is 18 jaar of ouer.
- Jou antwoorde mag vir navorsingsdoeleindes gebruik en gepubliseer word.

[Aanlyn: <<https://maroelamedia.co.za/afrikaans/boeke/ behoort-boeke-ouderdomsbeperkings-te-he/>>]

VRAAG 7 KEUSEVRAAG – KLAGTE

As ouer van 'n matriekleerder by Hoërskool Roosmaryn is jy ontstoke oor die keuse van die voorgeskrewe tekste vir 2022. Jy stem dus volmondig saam met die voorstel dat boeke volgens inhoud geklassifiseer moet word en dat skole 'n verantwoordelikheid het om kinders teen volwasse inhoud te beskerm.

Skryf 'n brief (per e-pos) aan die skoolhoof (me. Van der Linde) waarin jy jou **klagte** duidelik uiteensit en motiveer.

Belangrik:

- Jou klagte moet as 'n e-pos aangebied word.
- Verskaf 'n duidelike onderwerpsin en onderstreep dit.
- Die toon en styl is formeel en ernstig.
- Die inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan. Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]**OF****VRAAG 8 KEUSEVRAAG – TOESPRAAK**

Die meningspeiling deur *Maroela Media* het die volgende vrae aan lesers gestel:

1. *Werk die klassifikasiestelsel van films?*
2. *Moet boeke ook geklassifiseer word?*
3. *Wie se verantwoordelikheid is dit om advies te verskaf?*
4. *Wie se verantwoordelikheid is dit om beheer toe te pas?*

As matriekleerder vind jy dit uiters problematies dat die dinkpolisie nou ook wil besluit wat jy mag en nie mag lees nie.

Skryf die **toespraak** neer wat jy tydens 'n oueraand gaan lewer waarin jy jou mening hieroor uitspreek. Gebruik die vier vrae hierbo om die inhoud van jou toespraak te struktureer.

Belangrik:

- Gee aan jou toespraak 'n prikkelende titel.
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou toespraak moet ongeveer 250 woorde beslaan. Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte